



Winnie-nuus

Algemene nuusbrieff: 12 April 2019

1. WONNIES PRESTEER OP NASIONALE VLAK:

Baie geluk aan Daniël Ackermann (Gr 9) wat in Maart Suid-Afrika verteenwoordig het in die Suid-Afrikaanse Interdistrikte Junior Nasionale Rolbalkampioenskappe.

Ook geluk aan Jordan Botes (Gr 9) wat Suid-Afrika in die Ligterei Boothengel verteenwoordig het. Sy behaal die volgende prestasies: 'n Goue medalje vir die swaarste vis, 'n goue medalje vir die meeste kilogram visse gevang; invidueel behaal sy 'n tweede plek en as span wen hulle die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe.

2. AKADEMIESE HUISWENNERS:

Die finale akademiese prestasie van die leerders in die verskillende huise, tel ook vir die Interhuis-kompetisie: Die akademiese huisuitslae is soos volg:

1. Knights
2. Vikings
3. Spartane
4. Samurai

3. KWARTAAL 1 - HUISWENNERS:

Na 'n heerlike kwartaal van huiskompetisies in Atletiek, Swem, Tafeltennis, Muntepunte,, Die Vat-hande projek, Skaak, Redenaars, Fietsry en Akademie is die

Huiswenners van kwartaal 1: DIE SPARTANE!




4. GRAAD 8 VAN 2020 - INSKRYWINGS:

Dit is weer tyd vir die inskrywings van die Graad 8's vir 2020. Alle Graad 8-leerders moet aanlyn registreer. Indien daar van ons Wonnies is wie leerders ken wat wil inskryf, moet hul asseblief van die volgende inligting bewus gemaak word:

Aanlyn inskrywings geskied op die webwerf by www.gdeadmissions.gov.za, waarna die aansoeker 'n waglysnommer ontvang. Alle waglysnommers vir Die Hoërskool Wonderboom het die nommer 230383 in. Aansoeke kan deur ouers self aanlyn gedoen word of ingegee word by die skool, waar dit dan vir die ouer gedoen sal word. Die volgende dokumente moet egter ingehandig word:

1. Geboortesertifikaat van die leerder
2. Bewys van adres (woonadres of werksadres – afhangende op grond waarvan aansoek gedoen word)
3. ID's van ouers
4. Laaste rapport van leerder
5. Getekende inskrywingsvorm van die skool.



5. RAPPORTE:

Leerders het rapporte, sowel as dissiplinêre gedragrekords op 12 April 2019 ontvang. Saam met die rapport is ook inligting rakende die oueraand verskaf. Die oueraand vind op 16 April vanaf 17:00-19:00 plaas.

6. INSKRYWINGS VIR KALEIDOSKOOP KOMPETISIE:

Leerders kan reeds nou al inskryf vir die skool se kaleidoskoop kompetisie. Inskrywings moet betyds gedoen word. Vir meer inligting rakende die kaleidoskoop, kan me. Minnaar gekontak word.

7. ONGESKEDULEERDE TOETSE:

Ekstra toetsdatums is bygevoeg tot die datums in die dagboek ten einde leerders geleentheid vir beter prestasie te bied. Die ekstra toetsdatum is soos volg:

26 April 2019 Gr 10: Toerisme

Gr 11: Fisiese Wet/Gasvryheid

Gr 12: Lewenswetenskappe



M LEZAR
SKOOLHOOF